65/84

Saaknommer: 232/82

WHN

HENWELLS TRANSPORT (EDMS) BPK. ......... Appellant

en

W J BURGER VERVOER ...................... Respondent

JOUBERT, AR.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPèLAFDELING

In die saak tussen:

HENWELLS TRANSPORT (EDMS) BPK. ......... Appellant

en

W J BURGER VERVOER .................... Respondent

Coram: JANSEN, JOUBERT, ARR et HEFER, Wn. AR.

Verhoor: 24 Mei 1984

Gelewer: 29 Mei 1984

---

U I T S P R A A K

JOUBERT, AR :

/Die .......

Die appellant het as eiser in die Transvaalse Provinsiale Afdeling ŉ aksie teen die respondent as verweerder ingestel om skadevergoeding te eis vir skade wat appellant gely het deurdat sy voertuig bestaande uit ŉ perd (voorhaker), leunwa en sleepwa die aand van 19 November 1980 beskadig is in ŉ botsing met respondent se vragmotor en sleepwa op die N 1 snelweg tussen Pretoria en Warmbad. Op sy beurt het die respondent ŉ teeneis ingestel vir die skade wat sy vragmotor en sleepwa in die botsing opgedoen het. By ooreenkoms tussen die partye is die appellant se skade op R14 114-36 en die respondent se skade op R38 896-71 vasgestel. Toe die

saak verhoor is deur BOSHOFF R-P was die enigste geskilpunt tussen die partye die aangeleentheid van nalatigheid. Die verhoorhof het bevind dat die appellant geen nalatigheid aan die kant van die bestuurder van die respondent se voertuig bewys het nie. Daar is bevind dat die bestuurder van die appellant se voertuig nalatig was en dat sy nalatigheid die oorsaak van die botsing was. Gevolglik is die appellant se eis van die hand gewys met koste terwyl daar op die teeneis vonnis vir die respondent in die bedrag van R38 896-71 met koste gegee is. Die appellant kom teen die uitspraak en bevel

/van ........

van die verhoorhof in hoër beroep na hierdie Hof.

Die N 1 snelweg tussen Pretoria en Warmbad is 'n dubbelpad. Die een pad dra enkelrigting verkeer van Pretoria na Warmbad („die Pretoria-Warmbad pad"), d.i. van Suid na Noord, terwyl die ander pad enkel=rigting verkeer van Warmbad na Pretoria („die Warmbad-Pretoria pad"), d.i. van Noord na Suid, dra. Hierdie twee paaie is ongeveer 30 tree uitmekaar met 'n eiland tussen hulle. Die Pretoria-Warmbad pad is aan die westekant van die Warmbad-Pretoria pad. Die botsing tussen die partye se voertuie het op die Warmbad-Pretoria pad plaasgevind. Hierdie pad bestaan uit

'n linkerbaan en 'n regterbaan wat deur 'n middelstreep van mekaar geskei word. Aan die linkerkant van die linkerbaan is daar 'n geelstreep wat 'n paar voet vanaf die kant van die teeroppervlakte van die pad is. Die botsing het op 'n reguit stuk van die pad plaasgevind voordat die pad 'n draai na links, d.w.s. die ooste, maak. Dit was gemene saak dat dit reeds donker was toe die botsing plaasgevind het.

Mofokeng het die oggend van 19 November 1980 die appellant se voertuig bestuur om sakkies kunsmis by Setlaars te gaan aflaai. Hy het 3 km. grondpad gery. Toe hy van Setlaars huiswaarts na Vereeniging keer, was

/sy .....

sy voertuig leeg. Hy het 2 km. vanaf die Warmbad-Pretoria pad stilgehou om te ëet. Hy het die ligte van sy voertuig nagegaan en bevind dat hulle in 'n werkende toestand was. Agter die sleepwa was 'n nuwe chevron-bord asook trukaatsers wat almal skoon was. Hy het toe op die Warmbad-Pretoria pad gery op weg na Vereeniging. Hy het in die linkerbaan van die pad teen 'n snelheid van 80 km. per uur gery. Voertuie het hom in die regterbaan van die pad verbygesteek. Toe hy ongeveer 100 tree vanaf die plek van die botsing was, het hy die ligte gesien van 'n trekker wat besig was om naby die pad te ploeg. Onmiddellik voor sowel as toe die botsing

plaasgevind het, het geen verkeer op die Pretoria-Warmbad pad beweeg nie. Daarom was sy hoofligte op skerp gewees. Hy het egter in sy truspieëls die skerp ligte gesien van 'n voertuig wat hom direk van agter baie vinnig genader het. Hierdie skerp ligte het hom verblind. Hy het sy spoed verminder na 60 km. per uur en na links beweeg sodat die naderende voertuig hom kon verbygaan. Op daardie stadium het niks die naderende voertuig ver=hinder om hom in die regterbaan verby te steek nie omdat daar geen verkeer in daardie baan was nie. In sy hoof=getuienis het hy beweer dat sy voertuig se linkerwiele reeds oorkant die geelstreep was toe die botsing

/plaasvind .......

plaasvind terwyl hy in kruisondervraging gesê het dat sy voertuig se regterwiele op die geelstreep was terwyl sy voertuig aan die rand van die teeroppervlakte van die pad in beweging was. Die naderende voertuig het die regterhoek van sy sleepwa getref, nl. vir omtrent 2 voet. Daarna het die naderende voertuig sy brandstof se tenk wat aan die regterkant van die voorhaker tussen die deur en die wiele geleë is, beskadig terwyl dit verby beweeg. Mofokeng het sy voertuig gerem toe dit getref is en dit bly rem totdat dit tot stilstand gekom het. Sy sleepwa het geswaai as gevolg van die botsing. Na die botsing was sy voorhaker oorkant die geelstreep terwyl die

voorwiele en kajuit heeltemal buitekant die teeropper= vlakte was. Hy het in kruisondervraging beweer dat sy sleepwa in die pad was maar hy het ontken dat dit groten= deels in die linkerbaan was. Die naderende voertuig het voor syne geval en op sy regterkant gelê terwyl dit kyk in die rigting van waar dit gekom het. Hy het ontken dat sy voertuig stilgestaan het en 'n onverligte obstruksie in die linkerbaan gevorm het net voordat die botsing plaasgevind het. Hy het beweer dat sy voertuig aan die kant van die teeroppervlakte in beweging was toe die botsing plaasgevind het en dat sy ligte in 'n werkende toestand was. Toe konstabel Schoeman die ongeluks= toneel daardie aand besoek het ná die botsing het hy

/die ......

die punt van botsing aan hom uitgewys as synde 40 na 50 tree vanaf die stertligte van sy sleepwa in die rigting van Warmbad tussen die geelstreep en die rand van die teeroppervlakte. Daar het glasstukke gelê.

Konstabel Schoeman het vir die appellant getuig. Hy het 10.45 nm. die ongelukstoneel besoek. Met sy aankoms het Modiba, die bestuurder van die respondent se voertuig, en sy passasier per ambulans die ongeluks=toneel verlaat. Mofokeng het aan hom 'n punt van botsing uitgewys, soos reeds vermeld, wat hy op sy sketsplan (Bewysstuk A bl. 164-165) aandui. Hy het nie self ondersoek ingestel na 'n punt van botsing nie omdat die

beligting wat hy gehad het onvoldoende was. Hy kon nie in die omstandighede sleepmerke of remmerke waarneem nie. Hy kon egter wel glasstukke, modder en wrakstukke waarneem waar die twee voertuie was. Die hele agterkant van die appellant se sleepwa was ingeduik maar oorwegend aan die regterkant agter. Die dieseltenk was ook in=geduik. Die hele voertuig van die respondent was beskadig maar die skade was oorwegend aan die voorkant, d.w.s. die hele neusgedeelte, soos hy dit genoem het.

Die middag van 19 November 1980 het Modiba met die respondent se vragmotor en sleepwa met 'n vrag aartappels vertrek vanaf die omgewing van Pietersburg

/om .......

om die aartappels na die mark in Johannesburg te neem. Hy het 'n passasier by hom gehad. Die respondent se vragmotor is met 'n „governor" toegerus sodat hy nie meer as 80 km. per uur daarmee kon ry nie. Toe hy die onge=lukstoneel nader het hy in die linkerbaan van die Warmbad-Pretoria pad teen 75 km. per uur gery. Sy hoofligte was op skerp. 'n Voertuig het van die teenoorgestelde kant op die Pretoria-Warmbad pad genader en daardie voertuig se ligte het direk op Modiba geval. Daardie voertuig het sy ligte op dof, toe skerp en toe weer dof geskakel. Modiba het dit vertolk as 'n versoek om sy eie hoofligte op dof te stel. Hy het dit gedoen. In

sy dompligte kon hy nie verder as 10 tree voor hom sien nie. Hy was nog steeds in die linkerbaan van die Warmbad-Pretoria pad. Hy kon nie die appellant se voer=tuig sien met sy dompligte nie. Nadat die naderende voertuig op die Pretoria-Warmbad pad verby is, het Modiba sy hoofligte weer op skerp gestel. Toe hy dit doen, het hy direk voor hom in die linkerbaan op 'n afstand van ongeveer 10 m. 'n motorvoertuig sien blink. Hy meen dat dit die verf van die agterste deur van die appellant se sleepwa was. Hy het in kruisondervraging gesê dat hy nie 'n chevron-bord of agterligte van die appellant se sleepwa gesien het nie. Hy het probeer om die ongeluk

/te .......

te vermy deur van baan te verander „maar dinge het onmiddellik gebeur". Nadat hy die sleepwa van die appellant gestamp het, het sy sleepwa veroorsaak dat sy vragmotor buite beheer geraak het en omgeval het. Dit was die strekking van sy weergawe hoe die botsing plaas=gevind het. Volgens sy getuienis moes die punt van botsing in die linkerbaan van die Warmbad-Pretoria pad gewees het.

Stroebel het vir die respondent getuig. Hy was besig die aand van 19 November 1980 om met 'n trekker 'n land te ploeg wat aan die oostekant van die Warmbad-Pretoria pad geleë is. Die land grens aan 'n draadheining wat ongeveer 20 tree vanaf die Warmbad-Pretoria pad is. Omstreeks 9 nm. het hy op 'n afstand van ongeveer 200

tree in die ligte van verbygaande verkeer 'n vragmotor gesien wat op die Warmbad-Pretoria pad stilstaan. Hy het gesien dat iemand met 'n flits om die stilstaande vragmotor loop. Toe hy 'n voor ploeg na die draadheining het hy die stilstaande vragmotor vir die laaste keer voor die botsing gesien. Nadat hy sy trekker gedraai het, was die stilstaande vragmotor nog steeds daar. Hy het sy rugkant na die Warmbad-Pretoria pad gehad toe hy die ploeg weer insteek. Hy het ongeveer 10 tree geploeg toe hy 'n slag hoor. Hy het gedink een van sy trekker se bande het gebars maar toe hy niks fout sien nie, het hy voortgegaan om weg van die Warmbad-Pretoria pad te

ploeg. Toe hy weer terugkeer na die grensdraad het hy afgeklim en sy skoonsuster mev. Jonkheid gevind waar sy met die Swartmanne praat wat by die botsing betrokke was. Sy het hulle gevra wat gebeur het. Die een (Mofokeng) het gesê dat hy het gery met sy voertuig toe die ander een (Modiba) van agteraf in hom gery het. Toe sê Stroebel vir hom „jy lieg mos nou, jy het stilge= staan". Mofokeng het nie daarop gereageer nie. Stroebel het na sy trekker teruggekeer en voortgegaan om te ploeg.

Mev. Jonkheid het vir die respondent getuig. Sy was die aand van 19 November reeds in haar bed toe sy 'n geweldige slag hoor. Sy het opgestaan en is na die

/ongelukstoneel ......

ongelukstoneel. Dit is 'n entjie van haar huis af. Sy was by die draadheining toe sy die Swartmans gevra het wat gebeur het. Stroebel het daar opgedaag. Toe die een Swartman (Mofokeng) vir haar verduidelik dat die ander een (Modiba) in hom ingery het, het Stroebel vir hom gesê hy lieg hy het stilgestaan. Sy het Stroebel ook hoor vra vir die flits wat hy vroeër die aand by die stilstaande voertuig gesien het.

Dit is duidelik dat Mofokeng en Modiba se getuienis met mekaar bots oor die plek en die wyse waarop die ongeluk plaasgevind het. 'n Analise van Mofokeng se

/getuienis ........

getuienis toon na my mening dat dit hoogs onwaarskynlik is dat die punt van botsing tussen die geelstreep en die rand van die teeroppervlakte van die pad was. Dit is immers volkome onwaarskynlik dat Modiba wat volgens Mofokeng in die linkerbaan gery het links van die geel= streep met die appellant se sleepwa sou gaan bots het op 'n stadium toe die linkerbaan sowel as die regterbaan tot Modiba se beskikking was om voort te ry aangesien daar toe geen ander verkeer in die linkerbaan en die regterbaan was nie. Waarom sou Modiba die linkerbaan verlaat om Mofokeng te agtervolg om met laasgenoemde se sleepwa links van die geelstreep te gaan bots ?

/Mofokeng .......

Mofokeng se bewering dat daar glasstukke by die punt van botsing was wat hy aan konstabel Schoeman uitgewys het, word nie deur laasgenoemde ondersteun nie. Dis ook opvallend dat konstabel Schoeman wel glasstukke en modder op die pad aangetref het waar die voertuie na die botsing was. Op die waarskynlikhede is Modiba se weergawe waar= volgens die punt van botsing in die linkerbaan was meer aanvaarbaar. Na my mening het die verhoorhof tereg Mofokeng se weergawe as sou hy onmiddellik voor die botsing met sy voertuig links van die geelstreep teen 60 km. per uur gery het terwyl sy regterwiele op die geelstreep was, verwerp. Die verhoorhof het tereg die getuienis van

/Stroebel ......

Stroebel soos ondersteun deur mev. Jonkheid as onpartydige getuies aanvaar. Dit het ook tereg bevind dat die appellant se voertuig stilstaande was toe die botsing plaasgevind het. Die kritiek wat namens die appellant ten aansien van die waarnemingsvermoë van Stroebel geopper is, doen na my mening nie af aan die afleiding dat dit die appellant se voertuig was wat hy enkele oomblikke voordat die botsing plaasgevind het op die Warmbad-Pretoria pad sien stilstaan het nie. Op die waarskynlikhede was die appellant se sleepwa stilstaande op die linkerbaan van die Warmbad-Pretoria pad waar dit sonder ligte 'n obstruksie vir aan= komende verkeer in daardie baan was. Hierdie gevaarlike

situasie is deur Mofokeng geskep en dit kom neer op nalatigheid wat die botsing veroorsaak het. Dit is vir doeleindes van hierdie uitspraak nie nodig om in te gaan op die vraag of die voorhaker en die leunwa van die appellant onmiddellik voor die botsing skuins of geheel en al oor die geelstreep was nie.

Die verdere vraag is of daar bydraende nalatig= heid aan die kant van Modiba was. Sy getuienis is on= betwis dat hy met sy gedompte ligte nie verder as 10 tree voor hom kon sien nie. Terwyl sy ligte op domp was, het hy steeds vorentoe gekyk terwyl hy in die linkerbaan gery het. Hy kon nie die appellant se sleepwa sien terwyl sy ligte op domp was nie. Daar is geen getuienis oor

die afstand wat hy afgelê het met sy ligte op domp nie. Die oomblik toe dit vir hom geleë was om sy ligte op helder te stel, het hy die agterkant van die appellant se sleepwa ongeveer 10 m. voor hom gesien. Hy het onmiddellik probeer om die botsing te vermy deur na die regterbaan te swaai maar dit was te laat, soos ek reeds aangetoon het. Sy linker hooflig het die agterkant van die appellant se sleepwa getref. In die lig van hierdie omstandighede kan Modiba na my mening nie verwyt word dat hy die sleepwa moes gesien het voordat hy sy ligte op helder gestel het nie. Hy kan ook nie verwyt

/word .......

word dat hy nagelaat het om 'n behoorlike uitkyk voor die plaasvind van die botsing te hou nie. Daar is geen getuienis om aan te dui hoe ver die chevron-bord en trukaatsers agter die sleepwa sigbaar sou wees nie. Na my mening was Modiba in die omstandighede nie nalatig deurdat hy die sleepwa nie betyds gesien het of betyds stappe geneem het om 'n botsing met die sleepwa te vermy nie.

Die verhoorhof het derhalwe tereg bevind dat Mofokeng nalatig was en dat sy nalatigheid die oorsaak van die botsing was terwyl die appellant geen bydraende

nalatigheid aan die kant van Modiba bewys het nie.

Die appèl word met koste afgewys.

C.P. JOUBERT,AR.

JANSEN, AR )
HEFER, Wn.AR ) Stem saam.